Ontsluit gelowiges se volle potensiaal.

Martin Lazenby

Watter Potensiaal?

God se bedoeling met ons potensiaal

Potensiaal verwoesters

Die opskrif laat mens wonder watter soort potensiaal word bedoel en wat is die bedoeling van hierdie potensiaal? Verder moet hierdie potensiaal benut word en indien nie, hoekom nie?

Watter potensiaal?

Jy moet 'n gelowige nie vlak kyk nie! Gelowiges is mense wat deur die Heilige Gees nuut gemaak is, weergebore is. Dit beteken dat jy 'n nuwe identiteit gekry het. In Ef 2:8 stel Paulus dit so: "Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie;... God het ons gemaak wat ons nou is".

Met die nuutmaak het die Heilige Gees kom besit neem van die gelowige. Daarom word die gelowige die "tempel van die Gees" genoem (1 Kor 3:16 & 17 en 6:19 & 20).

Dit het natuurlik sommer 'n hele paar dinge tot gevolg:

- die Heilige Gees dra vrug (Gal 5:22) en kyk net wat is **die kenmerke** daarvan: "liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing".
- Die Heilige Gees rus **elke gelowige** toe met bepaalde gawes (1 Kor 12).
- Daarmee saam vul die Heilige Gees **elke gelowige met ontsettende krag** (Hand 1:8). Van hierdie krag sê Paulus elders: "Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het" (Ef 1:19b & 20).

Wonder jy nog watter potensiaal jy as gelowige het?

Die vraag is net: wat is die bedoeling van hierdie potensiaal?

Hoekom gee God dit vir sy mense?

God se bedoeling met ons potensiaal

God gee aan ons hierdie potensiaal omdat dit ons in staat stel om God te verheerlik (Mat 5:14). Dit is God se manier om sy liefde aan die wêreld bekend te stel. Dit alles word saamgevat met die woord roeping. God gee aan elke gelowige ‘n roeping. Dit is nie net dominees wat ’n roeping van God ontvang nie, maar elkeen van ons het ’n roeping. Behalwe ’n bepaalde manier waarop God elke gelowige wil gebruik, wil Hy ons almal gebruik om sy liefde van Joh 3:16 die wêreld in te dra. So het ons elkeen die verantwoordelikheid om in hierdie wêreld ’n verskil te maak. Dit gaan dus nie om onsself nie, maar om die wêreld. Daarom mag ons nooit ons godsdiens so beoefen dat dit maar net om ons eie saligheid gaan terwyl die wêreld rondom ons onaangeraak bly nie.

Of jy hierdie potensiaal benut, kan net jy self antwoord. Kom ons kyk net kortliks na ’n paar dinge wat baie keer veroorsaak dat hierdie potensiaal onbenut bly.

Potensiaal verwoesters

* Geestelike laksheid en luiheid.
* Die wanpersepsie dat gewone gelowiges nie ’n roeping het nie.
* Onkunde oor die gawes van die Gees.
* Die onvermoë van leiers om strukture en strategieë daar te stel om gelowiges in gemeentes te help om hulle volle potensiaal te ontwikkel.
* Die onvermoë om te verstaan dat die koninkryk van God ’n belangriker grootheid is as die kerk.